16 AUGUSTUS 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | MOONTLIKHEDE IN WORSTEL | GEN. 32:22-32



"God is nie 'n probleem om op te los nie. God is 'n misterie om binne te gaan."

# NAGMAAL & GEMEENTE-TEE

Ons vier weer Nagmaal en kuier na afloop van die diens met ons Gemeente-tee (en koffie) saam **hierdie Sondag, 16 Augustus 2026.** Nagmaal gee weer vir ons geleentheid om saam as gemeente die sakrament te kan vier. Beplan om bietjie langer na kerk te bly en eers te kom saam kuier! Ons sien uit om almal daar te sien en op te vang!





# THE CHOSEN

Dis weer tyd vir The Chosen. Ons begin hierdie **Sondag 16 Augustus om 17:30 in die konsistorie**. Daar is koffie en tee beskikbaar maar bring vir jou iets lekker om te eet as jy wil. Ons sien uit om hierde reis verder te vat en dat ons Jesus en Sy bediening op 'n nuwe en vars perspektief kan ervaar. Daar is 'n whatsapp groepie op die whatsapp gemeenskap en jys welkom om aan te sluit.

***Kontak vir Marissa (0834130119) vir meer info.***

# ONS HET JOU NODIG

Ons is in die pylvlak van Markietie en daar is 'n klomp werk wat agter die skerms gebeur. On het egter jou hulp nodig! Ons het mense nodig om tafels te beman en te help op **Vrydag, 4 September van 08:00-12:30 en dan weer van 17:00-20:00**. En dan weer op **Saterdag, 5 September van 08:00-14:00**. Ons het borde in die voorportaal vir die volgende paar Sondae en ons vra of jy asb jou naam sal opskryf by verskillende tydsgleuwe en tafels. Ons kan dit regtig nie sonder jou hulp doen nie. Geen "expertise" word benodig nie, net jy!



## MARKIETIE AANLYN BESTELLINGS

Ons het weer hierdie jaar geleentheid vir besighede en mense om **Vrydag 4 September middagete** te bestel op ons aanlyn-winkel - **www.tkmarkietie.co.za** of kontak die **kerkkantoor**. Ons verkoop hamburgers, worsrolle, koeldranke, pannekoeke en poeding. Maak seker om jou bestelling in te kry en kry sommer jou hele kantoor om ook te bestel.







## MARKIETIE KOEKBAK KOMPETISIE

Daar is weer 'n koekbak kompetisie hierdie jaar by Markietie. As jy 'n bakker is wil ons jou graag uitnooi om deel te neem hieraan. Dis altyd 'n lekker geleentheid. Koeke moet asb teen Sat 5 Sept om 08:30 in die feestent wees. Om in te skryf gaan na ons Markietie webwerf - *www.tkmarkietie.co.za* of kontak die kerkkantoor. Daar is geen inskrywingsfooi nie en koeke word geskenk vir die teetuin,.

## MARKIETIE WATERVERF WERKSWINKEL

Ons hou hierdie jaar 'n waterverf werkswinkel die Saterdagoggend van Markietie in die kuier-tent! Kaartjies is te koop op ons webwerf - *www.tkmarkietie.co.za* of in die kerkkantoor. Die bedraggled sluit 'n koppie koffie / tee ook in. Nooi jou vriende en maak 'n oggend daarvan.



# MARKIETIE PATTIES MAAK

Ons gaan **Saterdag 22 Augustus** saam vleis werk en patties maak vir ons legendariese hamburgers vir Markietie. Ons het hande nodig en dis altyd 'n lekker kuier-geleentheid ook. So hou asb die oggend oop. Ons sal so 09:00 begin en behoort teen 12:00 klaar te wees. Vele hande, ligte werk! Jy hoef nie te weet wat jy doen nie, ons wys jou en dis "easy-peasy"!

***Kontak vir Hennie (082 380 1986) of Jana as jy meer inligting benodig.***





# MARKIETIE BAK OGGEND

Ons bak weer saam vir Markietie **Saterdag 22 Augustus van 08:30 tot 13:00 in die boonste kerkkombuis**. Kom help asb, of jy kan bak of nie. Dis 'n gesellige geleentheid om saam te werk, te kuier en mense beter te leer ken. ***Kontak vir Hanna (0812556556) vir meer info.***

# STERKTE VIR INTERSKOLE

Ons wil graag vir al die skole wat in die volgende maand aan interskole deelneem, sterkte toewens! Aan elke leerder, onderwyser, afrigter en ouer, mag dit 'n tyd van goeie sportmanskap, spanbou en samesyn wees. Mag ons onthou dat hoe ons mekaar hanteer op die veld en langs die veld belangriker is as die uitslag en dat ons diepste identiteit in Christus lê. Dis 'n voorreg om deel te kan neem. Sterkte en geniet elke oomblik!



# MARKIETIE - WENSLYS

## POEDING



36 x Blikkies Kondensmelk

24 x Blikkies Pynappel Crush

38 x Blikkies Ideal Melk

50 x Boksies Vla

20 x Choc Instant Poeding

20 x Butterscotch Poeding

## PANNEKOEK

680 x Eiers

14 x 750ml Asyn


75 x 750ml Olie

7 x 500g Bak poeier


2 x 500g Sout

17 x 1 kg Kaneel

(Cab foods)



## BOEREWORS



8 x 750ml Tamatie sous

6 x 480 g Chutney

6 x 500ml Mosterd

## BRAAIBROODJIES


Tamaties

Uie

Cheddar Kaas

5 x Botter

4 x 1.1 kg Chutney



## GEBAK

40 x 500g Gordon Blue margarien

3 x 2.5kg Bruin suiker

8 x Marie Biskuitjies

20 x 250g Chocolate

15 x 1kg Self raising flour

13 x 500g Strooisuiker

450 x Eiers

10 x 1l Olie

6 x 250g Cocoa powder

21 x 200g klapper

2 x 900 Arbeikontyf



## WIT OLIFANT

Bring asb items vir wit oloifant na kerkkantoor toe

## BLOMME

Donasies vir blomme aankoop asb

## BAKKERS

Ons benodig mense wat koeke, terte, kolwyntjies kan bak

## TOMBOLA

Verpakte lekkers en pakkies skyfies, bv. Fizzers, suigstokkies, Wilson-toffies en klein Smarties.

Geen lekkers wat soos pille verpak is of twyfelagtige handelsmerke nie.

Nuwe of tweedehandse speelgoed in goeie toestand, bv. speelkaarte, balle, speletjies en sagte speelgoed.

Tweedehandse sagte speelgoed moet skoon en gewas wees.

Handgemaakte speelgoed, soos gehekelde, gebreide, vilt- of lapspeelgoed.

Speelklei.

Lucky packets: sakkies sal vanaf begin Augustus op Sondae by die deure beskikbaar wees om self te pak



**ENIGE VRAE KONTAK LERAARS OF KERKKANTOOR**

# MARKIETIE

## ONS HET JOU BAKTALENT NODIG!

**Die basaar se gebak-tafel het jou hulp nodig.**

---

**Hou jy van bak?**
**Laat weet ons wat jy graag sal wil maak of skenk.**

**Voorstelle sluit in:**
Cupcakes
Suurlemoen-meringue
Piesangbrood
Plaatkoek
Terte en koekies

**Iets vir die kinders:**
Rice Krispie-koekies
Fudge
Ander kindervriendelike lekkernye

**Enige gebak of voorstelle is welkom!**
**Kom help ons om die gebak-tafel 'n heerlike sukses te maak.**

**KONTAK KERKKANTOOR AS JY KAN HELP**

GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Dagboek DIE DATUM



**26 JUL**

**INTERSKOLE DIENS**
TORINGKERK | 18:00



**16 AUG**

**NAGMAAL & GEMEENTE-TEE**
TORINGKERK | 09:30



**4-5 SEPT**

**MARKIETIE**
TORINGKERK |08:00



**6 SEPT**

**MARKIETIE FEESDIENS**
TORINGKERK |09:30

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.

**KOM TUIS. ONS IS SAAM OPREIS.**

Kantoor nr.: 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

| | |
|---|---|
| 09 Aug | Joy Cupido |
| 09 Aug | Amy Germishuys |
| 09 Aug | Lynn Joubert |
| 10 Aug | Jackie Butler |
| 10 Aug | Sumien Symington |
| 10 Aug | Cara Van Niekerk |
| 11 Aug | Marita Batt |
| 11 Aug | Elsa Fourie |
| 11 Aug | Mari Roux |
| 12 Aug | Ester Cilliers |
| 12 Aug | Lukas Fourie |
| 12 Aug | Philip Gerber |
| 12 Aug | Leah Pieters |
| 13 Aug | Giepie Brandt |
| 13 Aug | Mariëtte Nieuwoudt |
| 13 Aug | Hendrik Olivier |
| 14 Aug | Helmi De Villiers |
| 14 Aug | Dorita Koch |
| 14 Aug | Jaco Theron |
| 14 Aug | Viv Viviers |
| 15 Aug | Sarolene Havenga |

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroep hierdie Sondag. Tema: Jesus se familie.

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag va na kerk tot 11h30

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 16 Aug**
Matt. 15:28

**MAANDAG, 17 Aug**
Ps. 10:17

**DINSDAG , 18 Aug**
Mark. 9:35

**WOENSDAG, 19 Aug**
1 Joh. 2:5

**DONDERDAG, 20 Aug**
Daniel 3:23-24

**VRYDAG, 21 Aug**
Luk. 22:27

**SATERDAG, 22 Aug**
1 Sam 3:9

**SONDAG 23 Aug**
Matt.16:13-16

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE : DIEP EN VER

Ons gemeente is bevoorreg om reeds sedert Mei 2020 op 'n maandelikse basis 60 gesinne te ondersteun met kospakkies. Van die gesinne kom uit ons eie gemeente en ander skakel in by Network for Christ - 'n plaaslike organisasie wat huishoudings bemagtig en bedien in uitdagende omstandighede.

# KALENDERBORG: AUGUSTUS

FHBC
Accounting | Tax | Consulting | HR
Payroll | Fiduciary Services | B-BBEE
A: FHBC, Office 1 & 2, Di Rialto Office Park, 42A Main Road, Paarl, 7646
T: 021 864 5180 | E: paarl@fhbc.co.za | www.fhbc.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.